

LITURGIESE MOMENT: God versamel ons voor Hom
Benutting van die BELYDENISGRONDSLAG van die kerk

**"I is happy today
and I hopes you is happy too"**
‣ **Grammatikale fout!**

**Grammatika van geloof
BELYDENIS**

Soos bladmusiek of melodie, dit help
‣ **Om reg te praat oor God**
‣ **Om reg te doen teenoor mekaar**

*"I is happy today, and I hopes you is
happy too."*

Wat is fout? Hoe weet julle dit? 'n Mens sien die fout vanuit grammatika - die reëls vir skryf en praat.

Grammatika van geloof - Belydenis

Geloof het ook 'n grammatika - ons noem dit die belydenis van die kerk. Die belydenis is

die grammatika of reëls vir praat en doen ... vir reg praat oor God en reg doen teenoor medemense. Die belydenis van die kerk is ook soos die bladmusiek of melodie vir 'n lied wat tot lof van God gesing kan word. As ons nie so praat nie, praat en doen ons verkeerd; of as ons nie op daardie wysie sing nie, sing ons vals. Elke Sondag word ons in die erediens daaraan herinner: ons erken dat ons foute maak, ons word verseker die Here vergeef ons en dat Hy ons help om sy beeld uit te leef ... om nootvas te sing! Hierdie belydenis kom 'n lang pad.

Jesus is die Here!

"Jesus is die Here!"

VRAAG Wie is Jesus? Wie is God?

**Jesus is ware God en ware mens
God is een Wese, drie Persone**

Ekumeniese belydenisse

- ❖ **Apostoliese Belydenis**
- ❖ **Geloofsbelydenis van Nicea**
- ❖ **Geloofsbelydenis van Athanasius**

In die vroeë kerk was die belydenis van die kerk kort en kragtig: **Jesus is die Here!** Na Hom moet ons luister, Hom moet ons volg. Wanneer mense praat en leef asof iets of iemand anders die Here is aan wie ons gehoorsaam moet wees of wat ons lewens bepaal, dan praat en doen hulle verkeerd, dan sing hulle vals ... hulle is af van die wysie.

Die **VRAAG** in die vroeë geskiedenis van die kerk was, **Wie is Jesus? Wie is God?**

Die antwoord op hierdie vrae is na 'n lange worsteling geformuleer in drie **Ekumeniese Belydenisskrifte**, naamlik **Jesus is ware God en ware mens** terselfdertyd ... dit is 'n geheimenis, ons kan dit nie verklaar nie. So ook is God **een Wese, drie Persone**: Vader, Seun en Heilige Gees - dit is 'n geheimenis, ons kan dit nie verklaar nie ... ons kan dit net verwonderend bely. Dit is verwoord in die Ekumeniese belydenisskrifte [*Apostolicum, Nicea, Athanasius*]

'n Verdere grammatikale fout - "God is 'n tiran!"

VRAAG
Waar vind ek 'n genadige God?

Reformasie: God is vol liefde & genade
Hy red uit genade, deur geloof

- Drie Formuliere van Eenheid**
- ❖ **Nederlandse Geloofsbelydenis**
 - ❖ **Heidelbergse Kategismus**
 - ❖ **Dordtse Leerreëls**

In die verdere geskiedenis van die kerk het mense verkeerd begin praat oor God - hulle het grammatikale foute gemaak, hulle het vals gesing. Hulle het gesê God is soos 'n kwaai koning of tiran - as jy nie reg doen nie, dan gooi Hy jou in die vuur ... en as jy sonde gedoen het, moet jy geld betaal en dan word dit vergewe. Dit het mense moedeloos gemaak ... en hulle was bang vir God.

Die **VRAAG** in hierdie tyd was: **Waar vind ek 'n genadige God?** Martin Luther en die **Reformasie** se antwoord hierop was: Die God en Vader van Jesus Christus is 'n genadige en liefdevolle God. Hy red ons uit genade, deur geloof, sonder enige verdienste van ons kant, alleen op grond van Jesus se kruis en opstanding. Dit is verwoord in die Drie Formuliere van Eenheid [*Heidelbergse Kategismus, Nederlandse Geloofsbelydenis, Dordtse Leerreëls*].

Nog 'n grammatikale fout - "Naby God, maar afsydig van medemense"

VRAAG in 20ste Eeu
Waar vind ek 'n genadige medemens?

In die kerk is genadige medemense
Hulle is een
Hulle is versoen met mekaar
Hulle leef regverdig
Want Jesus is die Here!

Geloofsbelydenis van Belhar

In die 20ste eeu het 'n ou grammatikale fout waarteen die skrywer van 1 Johannes waarsku groot afmetings geneem. Mense het weer vals begin sing. Christene het gereken hulle kan naby God leef terwyl hulle afsydig, afwysend en selfs afbrekend teenoor medemense is. Armoede het drasties toegeneem [sien inlasblokkie oor die wêreld in een dorp van 100 mense], mense vermy en verontreg sommige mensegroepe, probeer verhoudinge totalitêr

beheer en beoefen selfs gedwonge skeiding tussen mense.

In so 'n tyd is die **VRAAG: Waar vind ek 'n genadige medemens?** Op hierdie vraag sing die **Belydenis van Belhar** opnuut die lied van die evangelie: die kerk is die plek van genadige medemense - die kerk is **een**, die kerk lewe vanuit **versoening**, en die kerk strewe na **geregtigheid** ... want Jesus is die Here! Dit is 'n uitnodiging om saam te sing.

DIE HELE WÊRELD
IN EEN DORP VAN 100 MENSE

In hierdie dorp sou 67 mense arm wees; die ander 33 sou in 'n wisselende mate welgesteld wees. Van die totale bevolking sou 7 uit die VSA en Kanada kom. Hierdie 7 mense sou 10 maal soveel mediese dokters as die ander 93 hê, en die 7 sal steeds meer kry terwyl die 93 steeds minder kry. Die 93 sou moes toekyk hoe die 7 mense die helfte van al die geld spandeer en 'n sewende van al die kos opeet!

FLAM 206:1-5 [Ons glo ...]